**AFDELING D: LETTERKUNDE**

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

VRAAG 6: *LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar

VERHAAL A: "DIE TWEE GESINNE VAN LIZZIE MNQEBISA" **EN** VERHAAL B: "SOLDATE IN WIT KLERE"

**OF**

VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: "DIE TWEE GESINNE VAN LIZZIE MNQEBISA" – Myicelie Pienaar**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

"Lizzie bly by ons!" roep Beate uit.

"En jy's sieke Beate, nè? Lizzie praat altyd so baie van jou," lag Soufie breed.

"Ons kom hoor of Lizzie se twee kleingoed lus het om saam te ry vir die vakansie. Hulle kan met die trein terugkom," verduidelik Estrelita gou want sy wil nie Pa se geduld te ver rek nie.

"Wat van klere? Ons sal eers moet was. En wat sal ou Liz sê?" Soufie is onseker van wat haar te doen staan. "Sy vertel ons altyd sy bly so ghrênd, ek wil nou nie hê lat die twietjies uit voel nie."

"Pak hulle goed net so, dis 'n verrassing vir Liz. Sy verlang baie na die kinders," maak Estrelita kleingeld van haar beswaar.

Toe Princess en Joseph al op die agterste bank van die Kombi sit, bring Soufie die koffer wat amper 'n meter by 'n halfmeter groot is.

6.1 Waarvandaan het Estrelita-hulle gekom toe hulle besluit om Lizzie se kleingoed op te laai? (1)

6.2 Noem TWEE redes waarom Lizzie bly was toe die gesin vertrek het. (2)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer.

Uit Soufie se woorde (reël 2) kan ons aflei dat Lizzie ...

A oor Beate geskinder het.
B baie van Beate gehou het.
C glad nie van Beate gehou het nie.
D nie lekker by Estrelita-hulle gewerk het nie. (1)

6.4 Lizzie het vroeër vir Estrelita gesê dat sy finansieel sukkel. Hoe, het Lizzie gehoop, sou Estrelita reageer? (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lizzie het ekstra geld gemaak deur (rente op haar bankrekening te verdien/ die stokvel van die chars). (1)

6.6 Vir watter groot projek het Lizzie geld gespaar? (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.7) neer.

Estrelita wou nie Pa se "geduld te ver rek nie." (Reël 5 en 6)
Daarmee bedoel sy dat ...

A hy nie 'n ver draai wou ry nie.
B sy hom nie wou kwaad maak nie.
C sy nie sy toestemming nodig het nie.
D hy maklik ja sê as iemand hom iets vra. (1)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lees weer reël 7 en 8.
Hieruit kan ons agterkom dat Lizzie baie (gespog/gekla) het oor haar werk by Estrelita-hulle. (1)

6.9 Estrelita het nie baie vir Lizzie omgegee nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.10 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.10.1 en 6.10.2) en die ontbrekende woorde neer.

| moeilik; | liefdevol; | hartseer |
|---|---|---|

Beate se houding teenoor Lizzie se kinders was baie anders as Tanya s'n. Beate was (6.10.1) ... en gemaklik, terwyl Tanya (6.10.2) ... en buierig was. (2)

6.11 Dink jy Lizzie het die regte ding gedoen deur haar twee kinders in Soufie se sorg agter te laat. Motiveer jou antwoord met bewyse uit die verhaal. (1)

6.12 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Beate het die twee kinders laat welkom voel in die motor deur haar eetgoed met hulle te deel.
- Lizzie het aanvaar dat haar twee gesinne sou meng.
- Sophie het die twee kinders toegelaat om saam met Estrelita-hulle te gaan.
- Lizzie was baie verras om haar twee kinders te sien. (4)

6.13 Waarom sou jy graag vir Estrelita wou werk? (1)

6.14 Waarom kan ons sê dat Boeta, Lizzie ouer seun, haar lewe moeilik gemaak het? (1)

6.15 Hoekom, dink jy, het hierdie verhaal goed vir Lizzie geëindig? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "SOLDATE IN WIT KLERE" – Hannah Bell**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

... "Kort na die voorval het ons op die vyand afgekom en hulle het op ons begin skiet. Ons het teruggeskiet en drie van hulle gewond en die vierde gevange geneem. Dit is hy wat ons nou hier by ons het. Ons wil hê hy moet vir ons hulle spore wys, waar hulle oral beweeg het."

Oom Labu draai toe na die gevangene wat daar geboei staan en praat met hom in sy eie taal.

"Maar julle was tog seker nie verlede nag hier by my huis nie?"

"Ja, ons was," het die man gesê. Hy het afgekyk en gewys na die voetspore in die nat grond. "Hier het ons geloop." Die spore het al om die huis gelê.

"Hoekom het julle my nie geskiet soos my buurman nie? Of die huis afgebrand, of granate gegooi nie?"

"Ons was bang!"

"Bang? Waarvoor?"

"Vir die soldate in wit klere wat om jou huis gestaan het!"

6.16 In watter land speel hierdie verhaal af? (1)

6.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Oom Labu was 'n plaasbestuurder in 'n "warm gebied". Dit beteken dat dit 'n (baie warm klimaat gehad het/baie gevaarlike gebied was). (1)

6.18 Noem TWEE dinge wat die vryheidsvegters gedoen het wat die inwoners bang gemaak het. (2)

6.19 Gee EEN rede waarom ons kan sê dat die veiligheid van die grensboere vir die weermag baie belangrik was. (1)

6.20 Nevil was in die hospitaal en oom Labu was alleen op die plaas die nag toe die buurman geskiet is.

6.20.1 Waarom moes Nevil in die hospitaal bly? (1)

6.20.2 Nevil wou saam met oom Labu teruggaan plaas toe. Wat sê dit vir ons van Nevil se karakter? (1)

6.21 Oom Labu was 'n goeie bestuurder op wie sy werkers kon staatmaak.

Sê hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.22 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Oom Labu het gebid en sy sondes bely.
- Die soldate in wit klere het oom Labu se huis beskerm.
- Oom Labu het die aand skielik baie bang geword.
- Die dokter het gesê dat Nevil in die dorp moes agterbly. (4)

6.23 Dink jy die weermag was daardie aand effektief? Motiveer jou antwoord. (1)

6.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.24) neer.

Oom Labu was dié nag baie bang, maar het nadat hy gebid het, opgestaan, in die bed geklim en "**soos 'n kind**" gaan slaap, sê vir ons dat oom Labu ...

A heelnag gebid het.
B nog steeds bang was.
C baie rustig geslaap het.
D slegte drome gehad het. (1)

6.25 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.25.1 en 6.25.2) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| dankbaar teenoor; | onseker oor; | verbaas dat |

Oom Labu het vrae aan die gevangene gevra. Eers was oom Labu (6.25.1) ... hulle op sy plaas rondgeloop het en later (6.25.2) ... die "soldate in wit klere" wat hom beskerm het. (2)

6.26 Die gevangene het erken dat hulle bang was "vir die soldate in wit klere". Hoekom is dit gepas om die engele as "soldate" te beskryf? (1)

6.27 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.27) neer.

Die boodskap van hierdie verhaal is dat ...

A soldate ook soms bang is.
B wonderwerke wel soms gebeur.
C jy altyd ander mense moet help.
D 'n oorlog mense se lewens verwoes. (1)

6.28 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die tema van hierdie verhaal is (geloof/oorlog). (1)

6.29 Waarom voel jy saam met oom Labu dankbaar oor wat daardie nag gebeur het? (1)

**[40]**

**OF**

